# Hoofstuk van die dag: Jeremia 29

> *Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange. (Jer 29:7)*

Wat maak jy as die wêreld om jou in duie gestort het? Wat moet

ons in Suid-Afrika doen, waar omtrent niks meer werk soos dit moet nie?
Dit was die probleem wat die ballinge in Babel gehad het. Hulle wou nie daar wees nie. Hulle het geen hoop en geen toekoms gesien nie. Daarom bid hulle die wraak van God op hulle onderdrukkers af. Kyk gerus na Ps 137:8-9. Jeremia bring egter 'n ander boodskap (vers 7): Bid vir die stad waarin julle woon, en bevorder hulle belange.
Waarvoor bid jy? Dat alles moet verander en ons weer soos in die goeie ou dae rustig kan lewe? Of bid jy vir die heil van hulle wat ons land regeer? Miskien, as ons ophou kla, en as ons begin bid en begin werk vir die redding van hulle in ons land wat verlore gaan omdat hulle God nie ken nie, miskien vind ons dan dat God ons in hierdie nuwe SA geplaas het omdat Hy ons hier nodig het; dat Hy wel vir ons 'n toekoms hier beplan (vers 11).

## Onlangse Bydraes



## Argief

© Bybelkoerant 2018 – 2026